Hoofstuk 16 Die Heuningby: 'n unieke Goddelike wonder / Die Seën van Allah // Surah Al-Nahl / Surah Al-Ni'am

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Die opdrag van Allah, wat Hy as belofte aan Sy Profeet gegee het, is bestem om te kom*. So moenie vra dat die Oordeelsdag vroeër moet kom nie. Allah is rein, en baie hoër as dit wat hulle as vennote aan Hom toeskryf. (*K47:18)

2. Hy stuur die engele op Sy bevel met die openbaring en leiding*, aan wie Hy wil van Sy diensknegte: "Waarsku mense dat daar geen god behalwe Ek is nie, en dat hulle 'n heilige ontsag en respek vir My moet hê." (*K43:52)

Die unieke onvergelykbaarheid van die Skepping

3. Hy het die hemele en die aarde behoorlik geskape, nie sonder rede nie maar met 'n volmaakte doel. Hy is baie hoër as dit wat hulle aan Hom as vennote toeskryf.

4. Hy het die mens geskape van 'n onbeduidende druppel, en alte gou het die mens verander in 'n rusiemakerige persoon wat homself openlik uitspreek ten opsigte van selfs die Wese en Kenmerke van sy Skepper.

5. Die diere wat julle het: die kamele, koeie, en bokke, het Hy geskape om aan julle warmte te gee en ander voordele soos dat julle daarvan eet.

6. En dit is vir julle mooi as julle die diere saans terugjaag huistoe en weer uitjaag veld toe om te gaan vreet.

7. En die diere dra julle vragte vir julle na die stad toe wat julle sonder hulle nie sonder moeite sou kon bereik nie. Waarlik julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer is Baie Goed, Baie Genadig.

Soos wat Allah die Arabiere van vervoer voorsien het so sal Hy tot aan die einde van tyd ook Skepper van moderne vervoermiddels wees

8. En Hy het perde, muile en donkies geskape sodat julle daarop kan ry en dat hulle goed mag lyk en dit vir julle lekker is om hulle te besit. En Hy skep ook ander vervoermiddele, nou en in die toekoms, waarvan julle nog nie weet nie.

9. En Allah het onderneem om julle die Regte Weg te wys terwyl daar ander paaie is wat afdwaal en afwyk: en indien Hy wou sou Hy julle almal op die Regte Weg gelei het.

10. Hy is die Een wat water uit die hemele afstuur waarvan julle drink en waarvan julle plante groei waarop julle, julle diere laat wei.

11. Hy is die Een wat die oeste laat groei en die Olywe, die Dadelpalms, die Druiwepriële en van al die vrugte. Waarlik, daarin is daar 'n boodskap en bewys vir mense wat daaroor nadink.

12. Verder het Hy vir julle die dag en die nag onderwerp en die son en die maan. So is ook die sterre onderdanig aan Sy bevel. Waarlik, daarin is daar 'n boodskap en bewyse vir mense wat verstaan.

13. En Hy het onderdanig aan julle gestel wat Hy ook al op die aarde geskape het in 'n verskeidenheid van kleure. Waarlik, daarin is daar 'n boodskap en bewyse vir mense wat raad en advies aanneem.

14. En Hy is die Een wat die see onderwerp het sodat julle vars vleis: seekos, daaruit kan vang en onvoorwaardelik kan eet en daaruit mooi versierings kan verkry, soos byvoorbeeld pêrels en koraalstene wat julle vroue kan dra om hulleself vir julle mans mooi te maak, en die bote kan sien klief deur die water, en dat julle van Sy rykdom mag soek en dankbaar mag wees.

15. En Hy het berge op die aarde geplaas wat vas staan en riviere en allerhande landbakens in die veld wat vir julle kan help om rigting te bepaal en sodoende die regte pad te kry.

16. En net soos wat Hy al die landbakens geskape het, so het Hy ook die sterre gemaak. En met behulp van die sterre vind hulle die regte weg.

Die unieke onvergelykbaarheid van die Skepper

17. Is Hy dan wat dit alles geskape het gelyk aan iets of iemand wat dit nie gedoen het nie? Wil julle steeds nie hierop ag slaan nie?

18. En indien julle al die seëninge van Allah tel, sal julle vind dat dit onmoontlik is om alles te tel. Waarlik, Allah is Meesvergewend, Baiegenadig.

19. En Allah weet wat julle wegsteek en wat julle openbaar.

20. En diegene wat hulle naas Allah aanroep skep niks nie, maar hulle is eerder self geskape...

21. ...dood, sonder lewe. En hulle weet ook nie wanneer hulle opgewek sal word nie.

22. Julle God is Een God. So, diegene wat nie in die Hiernamaals glo nie, hulle harte is uitdagend en hulle is arrogant*: aanmatigend en verwaand.

23. Allah weet sonder uitsondering wat hulle wegsteek en wat hulle openbaar maak. Waarlik Hy hou nie van diegene wat aanmatigend en verwaand* is en te trots om Hom te erken as die Een, Enigste en Enige God, nie. (*K17:37)

'n Groot Vraag

24. As daar dan aan hulle gevra word: "Wat het julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer geopenbaar?" dan antwoord hulle: "Dit is niks anders nie as antieke verhale."

'n Verskriklike Gevolg

25. Gevolglik sal hulle, hul sondelaste ten volle dra met die Oordeelsdag, saam met sommige van die sondelaste van diegene wat hulle sonder kennis mislei het* sonder dat die misleides se sondelaste verlig raak. Onthou, die sondelas wat hulle dra is erg. (*K29:13)

26. Diegene voor hulle het allerhande komplotte gesmee. Daarna het die opdrag van Allah gekom en hulle geboue is tot in die fondasies ontwortel. Die gevolg was dat die dakke op hulle geval het en die straf oor hulle gekom het vanwaar hulle dit die minste verwag het.

27. Dan met die Oordeelsdag sal Hy hulle in die skande bring en sal sê: "Vandag is die skande en die noodlot op die ongelowiges:

28. diegene oor wie die engele die dood gebring het* terwyl hulle hulself steeds 'n groot onreg aangedoen het." Hulle sal dan skielik onderdanig wil wees, maar steeds sê: "Ons het dan niks verkeerds gedoen nie." Die antwoord aan hulle sal dan wees: "Hoe kan julle so sê? Allah weet wat julle gedoen het." (K32:11)

29. Gaan dan nou deur die ingange van die Hel om vir ewig daar te bly. Sleg is die rusplek van die arrogante.

Dieselfde Groot Vraag

30. Dan sal aan diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het gesê word: "Wat het julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer geopenbaar?" Hulle sal antwoord: "Die beste." Diegene wat goed doen in hierdie wêreld, daar wag die goeie vir hulle. En hulle rusplek in die Hiernamaals is baie beter. Ja uitstekend is die rusplek van diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het:...

31. ...die ewige tuine waar hulle sal ingaan, met riviere wat onderdeur dit vloei. Vir hulle is daar wat hulle begeer. Dit is hoe Allah diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Hom het, beloon:...

32. ...diegene aan wie die engele die dood bring terwyl hulle rein was in hulle geloofsartikels en hulle dade. Vir hulle sal die engele sê: "Vrede vir julle. Gaan in, in die Paradys in as gevolg van die dade wat julle gedoen het."

So wag beide groepe dan

33. Hulle wag vir niks anders nie as net dat die engele na hulle toe sal kom of vir die bevel van hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Net so het diegene wat voor hulle was, opgetree. Dit was nie Allah wat hulle benadeel het nie, dit was eerder hulle wat hulleself benadeel het.

34. So, die sonde wat hulle gedoen het, het hulle ingehaal, en hulle is omsingel deur presies dit wat hulle bespot het.

Die veelgodedienaars vra: "Hoekom stop Allah ons dan nie as ons verkeerd is nie?" so asof Allah hulle nie met 'n vrye keuse geskape het nie

35. Die Veelgodedienaars het gesê: "As dit die wil van Allah was, sou ons nie enigiets anders as Hom aanbid het nie: nie ons of ons voorgeslagte nie. En ons sou ook nie enigiets as onwettig verklaar het

sonder Sy opdrag nie." Diegene voor hulle het net so opgetree. Daarom is die boodskappers vir niks anders verantwoordelik, as net om die boodskap duidelik oor te dra nie. (K14:4)

36. En Ons het 'n boodskapper vanuit elke volk* getaak met die boodskap: "Aanbid Allah en bly weg van die Rebel af: die valse gode wat julle aanbid en niks anders as die Satan self is nie." Daarna was daar diegene onder die hoorders wat deur Allah gelei was, en daar was ander wie Hy, binne Sy Wil, van die Regte Weg laat afwyk het. So, reis deur die aarde en sien wat die einde van diegene wat die profete belieg en belaster het. (*K43:45)

37. As julle gretig is om die leiding van die profete te verneem, onthou dan dat Allah nie diegene op die Regte Weg lei wat hy laat afdwaal nie: vir diesulkes is daar geen helpers nie.

38. En diegene wat nie glo in die Opstanding nie, het met groot toewyding gesweer dat, sowaar as Allah: "Allah sal nie diegene wat sterf weer opwek nie." Hoekom nie? Dit is 'n belofte wat Allah gemaak het en wat gaan waar word, maar meeste mense besef dit nie...

39... dat Hy dit waaroor hulle so in twyfel getrek het juis gaan openbaar sodat diegene wat nie glo nie kan sien dat hulle leuenaars was.

40. Die enigste woord, wanneer Ons wil hê dat iets sal gebeur, is: "Wees!" En dan gebeur dit.

Emigrasie ter wille van Allah

41. En diegene wat ter wille van Allah geëmigreer het nadat hulle onderdruk was, sal van Ons 'n goeie plek in hierdie wêreld ontvang, en natuurlik is die beloning van die Hiernamaals baie groter, as hulle maar net geweet het!...

42. ... diegene wat geduldig gebly het en wat hulle vertroue in hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer gestel het.

43. En Ons het voor jou, Mohammed, nie boodskappers gestuur anders as diegene wat ons met Openbaring geïnspireer het nie. So, vra vir diegene wat kennis het van die Boodskap, indien jy nie weet nie.

Mohammed was die ontvanger en die verduideliker van die Openbaring van die Koran

44. Ons het hulle gestuur met duidelike boodskappe, bewyse en geskrifte. En Ons het die Boodskap, die Koran geopenbaar sodat jy vir die mense sal verduidelik wat vir hulle geopenbaar is en sodat hulle dit ook self kan ondersoek en daaroor sal nadink.

45. Voel diegene wat bose planne beraam gevrywaar teen die feit dat Allah die aarde onder hulle kan laat inval of dat straf oor hulle kan kom vanuit 'n oord waarvandaan hulle dit die minste verwag,

46. of dat Hy hulle vasvat terwyl hulle aandag afgetrek is tydens hulle daaglikse geskarrel, terwyl daar nie 'n manier is waarop hulle kan ontsnap van Allah se straf nie,

47. of dat Hy hulle vasvat met dit wat hulle juis die meeste vrees? So, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is waarlik Baie Toegeeflik, Baie Genadig.

48. Het hulle dan nie die dinge wat Allah geskape het waargeneem nie, en hoe self hulle skaduwees van die oggend tot die middaguur kleiner en kleiner word totdat dit ook voor Allah, in 'n toestand van algehele oorgawe en onderdanigheid neerkniel nie?

49. En voor Allah kniel neer laag op die grond alles wat ook al geskape is wat daar in die hemele en op die aarde is, asook die engele, en hulle toon geen teken van arrogansie of dat hulle te trots is om voor Allah neer te kniel nie.

50. Alles wat geskape is het 'n heilige ontsag en respek vir hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer wat oor hulle is en doen soos wat hulle beveel word.

51. En Allah het gesê: "Moenie vir julleself twee gode neem nie. Hy is net Een God. So, vir My alleen moet julle 'n heilige ontsag en respek hê."

52. En aan Hom behoort dit wat in die hemele en op die aarde is en dit is slegs Hy wat die gehoorsaamheid verdien wat Hom toekom. Sal julle dan 'n heilige ontsag en respek hê vir iemand anders as vir Allah?

53. Watter seën julle ook al geniet dit is van Allah af*. En wanneer julle behoefte en nood ervaar, dan is dit tot Hom alleen wat julle om hulp roep. (*K45:13)

54. En dan, net sodra as wat Hy die nood en behoefte waarin julle julleself bevind verlig, dan begin 'n groep van julle om vennote aan julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer toe te skryf.

55. Dus verwerp hulle dit wat Ons hulle gegee het. So, geniet julleself en doen wat julle wil want binnekort sal julle sien wat die gevolge daarvan is.

56. Hulle gee dus erkenning vir 'n gedeelte van dit wat Ons aan hulle gegee het aan die afgode, waarvan hulle niks weet nie. Sowaar as Allah, julle gaan verseker ondervra word oor dit wat julle gefabriseer het.

57. En hulle sê die engele wat hulle as Allah se dogters beskou het behoort aan Allah en dan aanbid hulle die engele saam met Allah: Rein is Hy en vêr verhewe bo hulle aansprake en verdigsels: maar die seuntjies kies hulle vir hulleself terwyl hulle dogters as minderwaardig beskou!

Die lewendige begrawe van babadogtertjies was 'n bose gebruik gegrond op bygeloof

58. En wanneer een van hulle die goeie nuus verneem van 'n dogtertjie wat vir hom gebore is, dan kry hy 'n droefgeestige, beswaarde uitdrukking op sy gesig en trek sy keel sommer toe van die ongelukkigheid.

59. En dan kruip hy weg vir die mense as gevolg van die bygeloof dat die goeie nuus 'n bose ding is wat met hom gebeur het terwyl hy wonder: Moet hy dit nou hou ten spyte van die vernedering of moet hy dit lewendig gaan begrawe? Pasop, die besluit wat so iemand sou neem om 'n babadogtertjie lewendig te begrawe omdat hulle dogtertjies as straf beskou is baie sleg en heeltemal verkeerd so ook die feit dat hulle dit aan Allah toedig.

60. Diegene wat nie in die Hiernamaals glo nie het bose en sondige kenmerke. En Allah is die Magtige, die Wyse en dit is Sy Goddelike Wysheid wat besluit oor die geslag van 'n baba.

Indien Allah moes straf sou niks of niemand gespaar gebly het nie

61. En indien Allah die mense moes vasvat vir hulle oortredings, sou Hy geen enkele geskape wese gespaar gebly het nie: maar Hy laat hulle voortgaan tot op 'n bepaalde tyd. So, wanneer hulle tyd kom sal hulle nie 'n oomblik te laat of te vroeg daarvoor wees nie.

62. Hulle skryf aan Allah toe juis dit waarvan hulleself nie hou nie: die dogtertjies en die vennote en dan maak hulle tonge die valse verklaring dat die goeie, die seuntjies, hulle s'n is. Nee, dit is onafwendbaar dat die Vuur vir hulle is, en dat hulle vinnig in die rigting daarvan beweeg gaan word.

63. Sowaar as Allah het Ons boodskappers gestuur na gemeenskappe voor julle, maar die Satan het hulle dade vir hulleself goed laat lyk. So, hy is vandag die enigste helper en beskermheer wat hulle het en vir hulle wag daar 'n pynlike straf.

Hoekom die Koran openbaar was

64. En Ons het die Boek vir geen ander rede aan jou geopenbaar nie as dat jy vir hulle sal verduidelik dit waaroor hulle verskil het, en dat dit as leiding en genade kan dien vir 'n volk wat glo.

Lesse uit die reën, beeste en vrugte

65. En Allah het reën uit die hemele neergestuur en die land daarmee laat herleef nadat dit dood was. Waarlik daarin is 'n boodskap en bewyse vir 'n volk wat luister.

66. Daar is ook waarlik vir julle 'n les wat julle uit die beeste kan leer: Ons voorsien vir julle deur middel van die kallers wat die koeie uit hulle buikholte voortbring*, en deur middel van die melk wat die liggaam van die koei vervaardig uit dit wat sy vreet en uit haar bloed: melk vars en lekker vir diegene wat dit drink. (*K23:21)

Vers 67 kan nie gebruik word om sterk drank te regverdig nie

67. En van die vrugte van die dadelpalm en wingerdstokke waarvan julle vir julleself sterk drank maak en goeie lewensmiddele verkry.

Die wonder van die Heuningby en die Heuning

68. En julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer het aan julle bekend gemaak: “Maak vir julle huise in die berge, in die bome en in die strukture wat hulle bou.

69. Eet dan van al die vrugte en volg die paadjies van julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer wat vir julle maklik gemaak is.” Uit die buik van die Bye kom daar dan die heuning in 'n verskeidenheid van kleure wat as geneesmiddel vir mense bevat. Waarlik daarin is daar 'n boodskap en bewyse vir 'n volk wat dit oordink.

70. So dan, Allah is die Een wat julle geskape het, en Hy neem julle weer terug. En daar is sommige van julle wat baie oud word: so oud, gedaan en seniel dat daardie mens weer soos 'n kindjie word sodat hy alle fisiese en verstandelike vermoëns en kennis wat hy eens gehad het verloor. Allah is ook daarin waarlik die Alwetende, die Almagtige.

Goddelike Alwysheid bepaal wie ryk en wie arm sal wees

71. En Allah het aan sommige van julle voorkeur gegee bo andere ten opsigte van die lewensmiddele wat Hy aan julle gegee het*. So, diegene wat meer ontvang het moenie van die lewensmiddele wat hulle ontvang het vir hulle diensknegte gee sodat hulle gelyke hoeveelhede besit nie: verwerp hulle dan die seëninge van Allah? (*K43:32)

72. En Allah het vir julle tussen julle uit, eggenotes geskape and weer vanuit julle eggenotes, seuns en kleinseuns en vir julle voorsiening gegee vanuit die goeie dinge. Is dit dan die valsheid wat hulle glo en die seëninge van Allah wat hulle verwerp?

73. En hulle aanbid naas Allah dinge wat geen mag besit om aan hulle enigiets te gee van wat in die hemele en op die aarde is nie, en wat ook nooit sulke mag kan besit nie.

Net soos wat die mense nooit mekaar se gelyke kan wees nie, net so kan mense ook nooit aan Allah gelyk wees nie

74. So, moenie iets of iemand probeer maak, gelykstel of voorstel wat soos Allah is nie. Waarlik Allah weet dat daar niks of niemand soos Hy kan wees nie en julle verstaan dit nie want julle wil dinge en mense met Hom gelykstel.

75. Kom Allah gee julle 'n voorbeeld: Daar is 'n dienskneg wat die eiendom van iemand is en wat geen gesag oor enigiets het nie en dan is daar 'n ander persoon vir wie Ons goeie voorsiening gemaak het. En die ryk persoon spandeer van sy rykdom stilletjies en openlik. Is daardie twee mense gelyk? Natuurlik is hulle nie gelyk nie! Alle dank en lof kom Allah toe. Maar meeste mense besef dit nie.

As mense nie eers gelyk is nie, hoe wil die mens nog gelyk wees aan Allah

76. Kom Allah gee vir julle nog 'n voorbeeld: Daar is twee manne. Een van hulle is stom en nie in staat daartoe om enigiets te doen nie en gevolglik 'n las vir sy meester. Waar ook al die meester die stom man heen stuur of wat hy hom ook al laat doen, daar kom net niks goeds daaruit nie. Is die stom man gelyk aan die ander een wat geregtigheid laat geskied en wat die regte weg bewandel?

77. Aan Allah behoort die Ongesiene van die hemele en die aarde. En die Uur waarop die Oordeelsdag sal aanbreek en plaasvind is soos die knip van 'n oog, of selfs nog vinniger. Natuurlik het Allah mag oor alles.

78. Allah het julle voortgebring uit die baarmoeder van julle moeders toe julle van niks geweet het nie, en Hy het vir julle ore, oë en harte gemaak, sodat julle dankbaar kan wees.

79. Het hulle dan nie na die voëls gekyk nie: onderworpe in die atmosfeer van die van die hemelruim. Niemand anders as Allah hou die voëls in die lug nie. Waarlik in dit is daar 'n boodskap en bewyse vir 'n volk wat glo.

80. En Allah het vir julle van julle huise 'n plek van gemak en gerief gemaak, en vir julle huise gemaak van die velle van beeste wat vir julle lig is om te dra die dag as julle reis en as julle kampeer, en van hulle wol en pels en hare het Hy vir julle huishoudelike goedere geskep en dinge om vir 'n tydjie te geniet.

81. Verder het Allah vir julle skaduwee gemaak uit dit wat Hy geskape het, en skuilings in die berge en klere om julle teen die hitte te beskerm en klere om julle in gevegte te beskerm.

Iemand wat dankbaar is vir al Allah se gunste sal hom of haarself aan Allah onderwerp: maar elke mens het 'n vrye keuse

82. Dit is hoe Hy Sy guns aan julle vervolmaak, sodat julle julself aan Hom kan onderwerp. As hulle dan steeds wegdraai en nie kies om hulleself aan Allah te onderwerp nie, dan is jou taak slegs om die Boodskap duidelik oor te dra.

83. Hulle is bewus van Allah se guns aan hulle en tog ontken hulle dit. En meeste van hulle is ondankbaar.

Die Oordeelsdag

84. Onthou die Oordeelsdag, wanneer Ons 'n getuie uit elke volk sal opwek en wanneer die ongelowiges nie toegelaat sal word om verskonings aan te bied of gevra sal word om berou te hê nie.

85. En wanneer die sondaars dan die straf sal sien, sal dit nie vir hulle ligter gemaak word nie, en ook sal hulle nie uitstel gegee word nie.

86. En wanneer die Assosieerders diegene sien wat hulle as vennote met Allah geassosieer het, sal hulle sê: Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, hierdie is die vennote wat ons naas U gestel het en wat ons in aanbidding naas U aangeroep het. Dan sal die vennote na hulle toe draai en sê: Julle is inderdaad leuenaars.

87. En dan op daardie dag sal hulle, hul onderdanigheid aan Allah aanbied en alles wat hulle gefabriseer het sal vir hulle verlore wees.

88. Diegene wat nie glo nie, en obstruksies in die weg van Allah plaas, vir hulle sal daar straf na straf bygevoeg* word vir die moedswillige kwaad wat hulle aangerig het. (*K41:29)

89. En dink aan die dag waarop Ons aan elke volk 'n getuie uit eie geledere sal stuur om teen hulle te getuig, en ons jou, Profeet Mohammed teen hierdie volk sal laat getuig. En Ons het aan jou die Boek, die Koran geopenbaar, 'n verklaring en verduideliking van alles, en 'n leiding, en genade, en goeie nuus vir die Moslems.

Vers 90 is die mees omvattende vers in die hele Koran

90. Allah gee opdrag dat eerstens **reg en geregtigheid*** sal geskied en alle mense in die proses dieselfde beoordeel sal word met matigheid en besadigdheid, tweedens dat mense **moreel en goed** sal wees en ander mense so sal behandel**, en derdens dat mense aan hulle **familielede** sal gee wat hulle toekom***, en verder verbied Allah eerstens **skaamtelose optrede** wat behels enige woord of daad wat in die samelewing as onaanvaarbaar beskou word, tweedens **sondige, slegte dade** wat behels enige sondige woord of daad, innerlik of uiterlik, prakties of teoreties, en derdens enige **oortreding** van enige gestelde perke ten opsigte van geregtigheid en matigheid. (*K4:58) (**K28:77) (***K17:26)

Kom jou beloftes na en hou jou woord

91. En vervul die Verbonde en Verdrae wat jy in die Naam van Allah sluit, en moenie ede verbreek nadat jy dit plegtig gesweer het, terwyl jy Allah as getuie van dit gemaak het, nie. Waarlik, Allah weet alles wat julle doen.

92. Moenie soos die vrou wees wat die garing weer lostrek nadat sy iets geweef het nie, deurdat julle jul ede ligtelik opneem en dit misbruik om mekaar te mislei, net omdat die volgende groep sterker is as die vorige een met wie julle 'n ooreenkoms aangegaan het, nie.

93. En indien Allah wou, sou Hy julle almal 'n enkele gemeenskap gemaak het, maar Hy laat wie Hy wil verdwaal en Hy neem wie Hy wil na die Regte Weg, om binne Sy wil te lewe. En julle gaan ondervra word oor dit wat julle gedoen het.

94. En moenie die ede wat julle sweer as 'n manier gebruik om mekaar te mislei nie, sodat julle nie die gevaar loop om die vaste voet waarop julle geloof staan, te verloor en julle groot sonde doen wat slegte gevolge het nie, en dit is dat ander mense as gevolg van julle skelmstreke sien hoe onbetroubaar gelowiges is wat meineed pleeg en hulle daardeur weerhou word daarvan om by die Regte Weg van Allah uit te kom sodat hulle ook, soos Moslems binne die wil van Allah sal lewe: vir sulke mense is daar 'n groot straf.

95. En moenie hierdie aardse bestaan en die waarde daarvan wat maar baie klein is, kies bo die Verbond met Allah van gehoorsaamheid aan Allah, nie. Die Hiernamaals wat by Allah is, is vêr beter as enigiets wat hierdie wêreld kan bied, as julle maar net geweet het.

96. Wat by julle hier op aarde is, sal tot 'n einde kom, maar wat by Allah is, sal vir ewig hou. En Ons gaan verseker vir diegene wat geduldig was die beloning gee vir die goeie wat hulle gedoen het.

97. Wie ook al, man of vrou, 'n regverdige daad gedoen het terwyl hy of sy 'n gelowige was, Ons sal hom of haar verseker 'n goeie lewe laat lewe en sal aan sulke mense hulle beloning gee vir die goeie wat hulle gedoen het.

98. So, wanneer jy die Koran voordra, soek die beskerming van Allah teen Satan die vervloekte.

99. Hy is van so 'n aard dat hy geen mag het oor diegene wat glo en hul vertroue in hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer het nie.

100. Die Satan het slegs mag oor diegene wat met hom vriende maak en diegene wat vennote met Allah assosieer.

101. En wanneer Ons een vers vervang* met 'n ander vers, en Allah weet die beste wat Hy openbaar, dan sê die ongelowiges: "Mohammed, jy is 'n vervalser en verkondig leuens." Inderwaarheid besef meeste van hulle nie hoe die openbaring van Allah werk nie. (*K2:106)

102. Mohammed, sê vir hulle: "Hierdie openbaring is as die waarheid oorgedra aan my deur die Heilige Gees*, vanaf jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, sodat dit die gelowiges kan versterk in hulle geloof en dit 'n leiding en goeie nuus vir die Moslems kan word." (*K53:5)

103. En Ons weet goed wat hulle sê: "Dit is 'n gewone mens wat vir Mohammed hierdie dinge leer." Die taal van die man waarna hulle verwys is nie Arabies nie, terwyl hierdie in duidelike Arabies is.

104. Waarlik, diegene wat nie glo in die verse van Allah nie, Allah lei hulle nie op die Regte Weg om binne Sy wil te lewe nie, en vir hulle is daar 'n pynlike straf.

105. Diegene wat leuens versin is diegene wat nie glo in die verse van Allah nie, en dit is hulle wat die leuenaars is.

'n Moslem wat Allah verwerp en ongelowig raak

106. Wie ook al sy geloof in Allah verwerp nadat hy in Hom geglo het, uitgesluit iemand wat dit onder dwang doen terwyl sy hart vrede het met sy Geloof, maar die een wat sy hart oop maak vir ongeloof: die aggressie en woede van Allah is op sulke mense en vir hulle is daar 'n swaar straf.

107. Dit is omdat hulle die aardse bestaan bo die Hiernamaals verkies, en omdat Allah nie die ongelowige mense na die Regte Weg lei, om binne Sy wil te lewe nie.

108. Hulle is diegene wie se harte, ore en oë Allah verseël het: hulle is die nalatiges.

109. Hulle is sonder uitsondering die verloorders in die Hiernamaals.

110. Dan is jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, vir diegene wat hulle huise verlaat het nadat hulle vervolg was, en op die Weg van Allah geveg het en geduldig gebly het, waarlik vir hulle is jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, na dit alles, Meesvergewend, Baiegenadig.

111. Op daardie dag wanneer elkeen sal kom en homself verdedig en aan elkeen ten volle gegee sal word ooreenkomstig dit wat hy gedoen het. En niemand sal verontreg word nie.

Dankbaarheid is belangrik in oorvloed en in armoede. Allah praat waarskynlik hier van Mekka

112. En Allah het die voorbeeld gegee van 'n dorp wat veilig en tevrede was, met hulle lewensmiddel wat volop van oral af gekom het. Toe raak die dorp ondankbaar vir al hierdie oorvloed wat Allah voorsien het, met die gevolg dat Allah hulle laat voel het hoe voel honger en vrees: 'n honger en 'n vrees wat Allah hulle so intens aan die lyf laat voel het soos 'n kledingstuk, in reaksie op dit wat die mense van die dorp gedoen het.

113. En daar het verseker 'n Boodskapper na hulle toe gekom vanuit hulle geledere, maar toe belieg en belaster hulle hom, en toe tref die straf hulle, terwyl hulle oortree het.

Toegelate en Verbode kos om te eet

114. So, eet dit wat julle toegelaat is en wat rein is van dit wat Allah vir julle voorsien het, en wees dankbaar vir die oorvloed wat Allah julle gegee het, indien julle Hom alleen aanbid.

115. Hy het dit slegs verbode gemaak vir julle om aas te eet asook bloed, die vleis van varke, en enigiets waaroor die naam van enigiemand of enigiets anders as die Naam van Allah aangeroep is. Maar, indien iemand gedwing word om deur noodsaak van hierdie genoemde verbode dinge te eet, sonder dat hy dit regtig wil doen of net die beperkinge wil oorskry, dan is Allah Meesvergewend, Baievergewend.

116. Moenie van dit wat julle tonge valslik beskryf sê: "Hierdie is wettig en daardie is wettig" nie, sodat julle nie 'n leuen aan Allah toeskryf en toedig nie. Waarlik diegene wat 'n leuen aan Allah toeskryf en toedig is nie voorspoedig nie.

117. Laat hulle, hulself nog 'n klein rukkie geniet, en dan is daar vir hulle 'n groot straf.

118. En vir diegene wat Jode is, het Ons dit verbied waarvan Ons jou reeds vertel het. En Ons het hulle nie verontreg nie maar hulle het gewoonlik hulleself verontreg.

Berou, bring vergifnes van alle sonde, of dit nou bewustelik of onbewustelik gedoen is

119. Dan is jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, vir diegene wat bewustelik of onbewustelik sonde gedoen het deur onkunde, en dan berou gehad het daarna en hulleself gekorrigeer en verbeter het: waarlik jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is na dit alles, Meesvergewend, Baiegenadig.

Abraham as rolmodel vir Mohammed

120. Waarlik, Abraham was 'n hele Gemeenskap in homself: die vernaamste universele leier van alle volke, 'n Aartsvader, toegewy aan Allah, 'n man van rein geloof. En hy was nie een van die Assosieerders wat vennote met Allah assosieer nie,

121. maar was dankbaar vir die oorvloed en goedheid wat Allah aan hom gegee het. Allah het hom gekies en hom na die reguit weg gelei om binne die wil van Allah te lewe.

122. En Ons het aan Hom die goeie in hierdie wêreld gegee, en in die Hiernamaals is hy onder diegene wat reg gedoen het.

123. Toe het Ons aan jou geopenbaar: "Volg die weg van Abraham die opregte, want hy was nie een van die Assosieerders nie."

Die Sabbat

124. Allah het die Sabbat op Saterdae vir die Jode verpligtend gemaak omdat hulle uit eie keuse afgewyk het van die oorspronklike Instruksie aan Moses dat Vrydag die dag van Aanbidding moet wees. En jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer gaan verseker tussen hulle oordeel op die Opstandingsdag ten opsigte van dit waaroor hulle so getwis het.

Sendingwerk / Dawah

125. Nooi mense uit na die weg van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer met wysheid en goeie raad. En argumenteer met hulle op die beste manier: wees vriendelik, beskaafd, minsaam, en praat op 'n mooi manier. Waarlik, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet die beste wie van Sy weg afdwaal en Hy weet die beste wie diegene is wat op die regte weg is en binne Sy wil lewe.

Geduld is beter as vergelding

126. En indien jy diegene wat jou skade berokken het vergeld vir wat hulle aan jou gedoen het, mag jy hulle net skade aandoen na die mate wat hulle jou skade aangedoen het. Maar as jy eerder geduldig bly is dit baie beter, want dit is definitief baie beter vir diegene wat geduldig is.

127. En wees geduldig. Julle geduld word deur niemand anders as Allah aan julle geskenk nie. Moenie ontsteld wees oor diegene wat julle teenstaan en skade wil berokken nie, en moenie bekommerd, ontsteld en gestres wees oor dit wat hulle versin nie.

128. Waarlik, Allah is met diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Hom het en diegene wat goeie dinge doen in gehoorsaamheid aan Allah.

_____

O my Allah,
dankie dat U ook naby aan my is,
juis omdat U genade vir my ook so groot is.
Amen